powering up

Voorlopige opgesomde geouditeerde groepresultate

KeatonEnergy

Keaton Energy Holdings Beperk

Voorlopige opgesomde geouditeerde groepresultate

Vir die jaar geëindig 31 Maart 2009

Keaton Energy Holdings Beperk

(In die Republiek van Suid-Afrika geïnkorporeer)

(Registrasienommer 2006/011090/06)

JSE-aandeelkode: KEH ISIN: ZAE000117420)

("Keaton Energy" of "die maatskappy" of "die groep")

Opgesomde gekonsolideerde inkomstestaat

	Aantekening	1 April 2008 tot 31 Maart 2009 R'000	1 Maart 2007 tot 31 Maart 2008 R'000
Omset		**5 424**	–
Koste van verkope		**(1 874)**	–
Bruto wins		**3 550**	–
Ander inkomste		**677**	915
Administratiewe en ander bedryfsuitgawes	4	**(13 623)**	(8 945)
Mynbou- en verwante uitgawes	4	**(10 078)**	(4 904)
Aandeelappresiasieregte-uitgawes		**(4 126)**	(424)
Waardedalingsverliese		**(4 214)**	–
Bedryfsverlies voor netto finansieringsinkomste		**(27 814)**	(13 358)
Netto finansieringsinkomste		**44 509**	11 223
Netto wins/(verlies) voor belasting		**16 695**	(2 135)
Inkomstebelastinguitgawe	5	**(11 853)**	(2 523)
Wins/(Verlies) vir die jaar		**4 842**	(4 658)
Getal aandele ('000)			
Geweegde gemiddelde (basies)		**142 248**	50 902
Geweegde gemiddelde (verwater)		**145 783**	52 902
Verdienste/(Verlies) per aandeel (sent)			
Basies	6	**3.4**	(9.2)
Wesens	6	**6.4**	(9.2)
Verwater	6	**3.3**	(9.2)
Wesens verwater	6	**6.2**	(9.2)

Opgesomde gekonsolideerde balansstaat

	Aantekening	31 Maart 2009 R'000	31 Maart 2008 R'000
Bates			
Nie-bedryfsbates		**59 112**	40 557
Bedryfsbates	7	**386 237**	313 349
Totale bates		**445 349**	353 905
Ekwiteit en laste			
Kapitaal en reserwes		**437 189**	336 738
Bedryfslaste	8	**8 160**	17 167
Totale ekwiteit en laste		**445 349**	353 905

Opgesomde gekonsolideerde kontantvloeistaat

	1 April 2008 tot 31 Maart 2009 R'000	1 Maart 2007 tot 31 Maart 2008 R'000
Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite	**7 390**	1 536
Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite	**(31 411)**	(20 440)
Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite	**90 483**	326 139
Netto toename in kontant en kontantekwivalente	**66 462**	307 235
Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die jaar	**307 236**	1
Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die jaar	**373 698**	307 236

Opgesomde gekonsolideerde staat van veranderings in ekwiteit

	Aandele-kapitaal en -premie R'000	Aandeel-gebaseerde betalings-reserwe R'000	Opgehoopte verlies R'000	Totaal toeskryfbaar aan aandeelhouers van die maatskappy R'000	Minderheids-aandeelhouers-belang R'000	Totaal R'000
Saldo op 28 Februarie 2007	–*	–	(324)	(324)	–*	(324)
Gewone aandele vir kontant uitgereik	332 474	–	–	332 474	–	332 474
Aandeelgebaseerde betalings	14 861	424	–	15 285	–	15 285
Aandele-uitgifte-uitgawes	(6 038)	–	–	(6 038)	–	(6 038)
Totale erkende inkomste en uitgawes vir die tydperk (Verlies vir die tydperk)	–	–	(4 658)	(4 658)	–*	(4 658)
Saldo op 31 Maart 2008	341 297	424	(4 982)	336 739	–	336 739
Gewone aandele vir kontant uitgereik	**100 000**	**–**	**–**	**100 000**	**–**	**100 000**
Aandeelgebaseerde betalings	**1 000**	**4 126**	**–**	**5 126**	**–**	**5 126**
Aandele-uitgifte-uitgawes	**(9 517)**	**–**	**–**	**(9 517)**	**–**	**(9 517)**
Totale erkende inkomste en uitgawes vir die jaar (Wins vir die jaar)	**–**	**–**	**4 841**	**4 841**	**–**	**4 841**
Saldo op 31 Maart 2009	**432 780**	**4 550**	**(141)**	**437 189**	**–**	**437 189**

** Nominale bedrae*

Aantekeninge

1. Die finansiële resultate word vir die jaar geëindig 31 Maart 2009 aangebied. Die vorige tydperk se syfers verteenwoordig die 13-maande-tydperk vanaf 1 Maart 2007 tot 31 Maart 2008. Gedurende die jaar het die groep se Klipsteenkoolmyn (voorheen die Klipfonteinprojek) met produksie begin. Die oorkoepelende resultate vir die jaar is egter kenmerkend van 'n eksplorasiemaatskappy wat met die finansiering van sy eksplorasie- en evalueringsaktiwiteite besig is, met die opbrengs op sy geïnvesteerde fondse wat 'n klein wins vir die jaar tot gevolg gehad het.

2. Die voorlopige opgesomde gekonsolideerde resultate vir die jaar geëindig 31 Maart 2009 sluit uittreksels uit die groep se ongekwalifiseerde geouditeerde finansiële state in, en word ooreenkomstig Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde (IFRS), die Noteringsvereistes van die JSE Beperk (JSE) en die Suid-Afrikaanse Maatskappywet, 61 van 1973 (soos gewysig), opgestel. Hierdie opgesomde gekonsolideerde finansiële state word aangebied, en openbaarmakings ingesluit, ooreenkomstig IFRS 34: Tussentydse Finansiële Rapportering. Die rekeningkundige beleid toegepas stem ooreen met dié wat in die finansiële jaarstate vir die 13-maande-tydperk geëindig 31 Maart 2008 toegepas is. Vir 'n beter begrip van die groep se finansiële posisie en bedryfsresultate moet hierdie opgesomde gekonsolideerde resultate gesamentlik met die groep se geouditeerde finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 31 Maart 2009, wat alle openbaarmakings wat deur IFRS vereis word insluit en na verwagting op 19 Junie 2009 gepos sal word, gelees word.

3. Soos hierbo genoem het mynbou-inkomste van R5.4 miljoen tot 'n bruto wins van R3.6 miljoen gedurende die jaar gelei. Na verantwoording van ander inkomste van R0.7 miljoen, administrasie- en ander bedryfsuitgawes van R13.6 miljoen, mynbou- en verwante uitgawes van R10.1 miljoen (verwys na aantekening 4), aandeelappresiasieregte-uitgawes van R4.1 miljoen, waardedalingsverliese van R4.2 miljoen, netto finansieringsinkomste van R44.5 miljoen en 'n inkomstebelastinguitgawe van R11.9 miljoen was die wins vir die jaar R4.8 miljoen (basiese en wesensverdienste per aandeel was onderskeidelik 3.4 en 6.4 sent). Ander inkomste sluit onderverhuringsinkomste en konsultasiefooie in.

4. Administrasie-, ander bedryfs-, mynbou- en verwante uitgawes sluit in (vorigetydperk-syfers is tussen hakies ingesluit):

   - werknemervoordeeluitgawes (uitgesluit die aandeelappresiasieregte-uitgawes) van R9.0 miljoen (R4.8 miljoen). Op 31 Maart 2009 het die groep tien (nege) permanente werknemers/kontrakteurs gehad;
   - konsultasie-, regs-, oudit- en professionele fooie van R5.6 miljoen (R4.1 miljoen). Uitgawes met betrekking tot die notering is teen die aandelepremie verreken;
   - nie-uitvoerende direkteure se fooie van R2.2 miljoen (R0.2 miljoen), waarvan R0.7 miljoen aan direkteure van filiaalmaatskappye betaal is;
   - noterings- en beleggerverhoudingsuitgawes van R2.0 miljoen (R0.6 miljoen);
   - hoofkantoorhuuruitgawe van R0.7 miljoen (R0.5 miljoen); en
   - depresiasiekoste, nie in koste van verkope ingesluit nie, van R0.7 miljoen (R0.4 miljoen).

Nota: Mynbou- en verwante uitgawes sluit in kostes wat vanaf eksplorasiefiliale ingevolge hulle bestuursooreenkomste met Keaton Administrative and Technical Services (Edms.) Beperk verhaal is, direkte konsultasiefooie deur myn- en eksplorasiekontrakteurs, en vergoeding betaal aan houers van bogrondse regte. Administrasie- en ander bedryfsuitgawes sluit hoofsaaklik kostes in wat nie van eksplorasiefiliale verhaal is nie d.i. sekere werknemervoordeeluitgawes, nie-uitvoerende direkteure se fooie, en noterings- en beleggerverhoudingsgelde.

5. Inkomstebelastinguitgawe behels lopende belastinguitgawe van R10.2 miljoen, uitgestelde belasting-uitgawe van R0.5 miljoen en sekondêre belasting op maatskappye van R1.1 miljoen. Die maatskappy het gedurende die jaar R10.1 miljoen aan belasting betaal.

6. Verdienste/(Verlies) per aandeel

   Die berekening van basiese verdienste/(verlies) per aandeel is gegrond op die wins/(verlies) vir die tydperk (toeskryfbaar aan aandeelhouers van die maatskappy) van R4 841 349 (2008 - verlies van R4 657 882) en 'n geweegde gemiddelde van 142 248 143 (2008 - 50 902 474) uitgereikte gewone aandele gedurende die tydperk. Aangesien die groep op 31 Maart 2008 in 'n verlies-posisie was, het die verwaterende gewone aandele geen verwaterende uitwerking op die basiese verlies per aandeel vir 31 Maart 2008 gehad nie. 'n Waardedalingsverlies van R4.2 miljoen is as 'n rekonsiliëringsaanpassing tussen die basiese en wesensverdienste per aandeel in die huidige jaar teruggetel.

7. Bedryfsbates sluit in:

   - kontant van R373.7 miljoen (2008: R307.2 miljoen);
   - steenkool opgehoop van R7.0 miljoen (2008: Rnul);
   - rente ontvangbaar van R3.6 miljoen (2008: R2.2 miljoen); en
   - belasting op toegevoegde waarde verhaalbaar van R1.7 miljoen (2008: R3.6 miljoen).

8. Bedryfslaste sluit in:

   - bedrae betaalbaar aan eksplorasiediensverskaffers van R1.2 miljoen (2008: R5.7 miljoen);
   - bedrae vooruit ontvang van 'n steenkoolkoper van R1.8 miljoen (2008: Rnul);
   - ander handelsbetaalbares van R0.9 miljoen (2008: R9.5 miljoen);
   - omgewingsrehabilitasievoorsienings van R0.6 miljoen (2008: Rnul); en
   - belasting betaalbaar van R2.2 miljoen (2008: R0.9 miljoen).

9. Aandele-uitgifte gedurende die jaar

	31 Maart 2009	31 Maart 2008
		Getal aandele ('000)
Uitgereikte aandelekapitaal		
Aan begin van die tydperk	**132 741**	70
Vir kontant gedurende die tydperk uitgereik (verwys na kommentaar)	**10 000**	129 811
Aandeelgebaseerde betalings	**100**	2 860
Aan einde van die tydperk	**142 841**	132 741

10. Geen dividende is verklaar en geen dividende word voorgestel vir die tydperk onder oorsig nie.

11. Die netto batewaarde per aandeel op 31 Maart 2009 is 306 sent (2008: 254 sent).

12. Segmentinligting:

Verwys na die kommentaar hieronder vir 'n beskrywing van die projekte (segmente) van die groep. Die groep kan soos volg gesegmenteer word (R'000):

Totale bates

	31 Maart 2009	31 Maart 2008
Keaton Mining (Edms.) Beperk - Sterkfonteinprojek	**23 288**	22 107
Keaton Mining (Edms.) Beperk - Delmasprojek	**22 672**	8 079
Keaton Mining (Edms.) Beperk - Klipsteenkoolmyn	**16 653**	7 340
Amalahle Exploration (Edms.) Beperk - Projekte	**1 379**	–
Keaton Energy Holdings Beperk - Kontantmiddele	**375 819**	307 236
Totale bedryfsegmentbates	**439 811**	344 762
Bates nie aan segmente toegewys nie	**5 538**	9 143
	445 349	353 905

Segmentomset

	1 April 2008 tot 31 Maart 2009	1 Maart 2007 tot 31 Maart 2008
Keaton Mining (Edms.) Beperk - Klipsteenkoolmyn	**5 424**	–
Keaton Administrative and Technical Services (Edms.) Beperk	**10 033**	–
Totale bedryfsegmentinkomste	**15 457**	–
Konsolidasie-aanpassings	**(10 033)**	–
	5 424	–

Segmentresultate

	1 April 2008 tot 31 Maart 2009	1 Maart 2007 tot 31 Maart 2008
Keaton Energy Holdings Beperk */**	**(26 005)**	(4 870)
Keaton Administrative and Technical Services (Edms.) Beperk *	**(6 452)**	(5 002)
Keaton Mining (Edms.) Beperk *	**(4 859)**	(3 249)
Amalahle Exploration (Edms.) Beperk *	**(4 217)**	(414)
Ander eksplorasiefiliale *	**(3 946)**	(2 093)
Totale bedryfsegmentresultate*	**(45 479)**	(15 628)
Konsolidasie-aanpassings (waardedaling van beleggings in filiale)	**17 665**	2 271
	(27 814)	(13 357)

** Bedryfsverlies voor netto finansieringsinkomste en belasting*

*** Uitgesluit finansieringsinkomste van R44.7 miljoen*

13. Die groep se kapitaalverbintenisse is die volgende (R'000):

	31 Maart 2009	31 Maart 2008
Omgewingsrehabilitasiewaarborge uitgereik	**1 260**	-
Eksplorasiebesteding gemagtig, maar nie gekontrakteer nie	**38 155**	36 782
Eksplorasiebesteding gemagtig en gekontrakteer	**2 263**	5 176

Daar was geen verandering aan die groep se voorwaardelike aanspreeklikhede gedurende die jaar nie.

14. Gebeure na die balansstaatdatum:

Op 7 April 2009 het Keaton Energy aangekondig dat hy 'n ooreenkoms bereik het aangaande 'n transaksie wat, indien gesluit, prospekteerregte op 2 844 hektaar tot sy Sterkfonteinprojek van 4 009 hektaar sal toevoeg (die verkryging). Die verkryging - die Sterkfontein Uitbreiding-prospekteerreg genoem - sal lei tot 'n "invul" van die gebiede tussen Sterkfontein se Noord 2- en Suid-blok. Die verkryging, wat aan ministeriële goedkeuring kragtens artikel 11 van die MPRDA (Die Wet op die Ontwikkeling van Suid-Afrikaanse Mineraal- en Petroleumhulpbronne, Wet No. 28 van 2002, soos gewysig) onderworpe is, behels die verkryging deur Keaton Energy van 'n 74%-belang in Labohlano Trading 46 (Edms.) Beperk, voorgestelde houer van die Sterkfontein Uitbreiding-prospekteerreg, van Money Box Investments 156 (Edms.) Beperk.

15. KPMG Geïnk. se ongekwalifiseerde ouditeursverslae wat ingesluit word in die finansiële jaarstate en in die opgesomde finansiële state wat in hierdie opgesomde verslag vervat word, is by die maatskappy se geregistreerde kantoor ter insae beskikbaar.

16. Verklaring van steenkoolreserwes en -hulpbronne

Die groep het nuwe en bygewerkte verklarings van steenkoolreserwes en -hulpbronne vir sy Delmas- en Leeuwfonteinprojekte gedurende Mei 2009 vrygestel. Dié verklarings is op die groep se webtuiste ***www.keatonenergy.co.za*** ter insae beskikbaar. Daar was geen verandering aan die steenkoolhulpbronverklaring vir die groep se Sterkfonteinprojek nie (vrygestel Mei 2008).

Kommentaar

Heelwat vordering is in die tydperk onder oorsig gemaak. Van die drie stigtingsprojekte lewer die Klipsteenkoolmyn (voorheen die Klipfonteinprojek) nou produksie, die Delmasprojek se uitvoerbaarheidstudie is afgehandel met 'n Steenkoolhulpbron- en -reserweverklaring uitgereik, en die Sterkfonteinprojek is aansienlik uitgebrei deur korporatiewe aksie. Vordering is ook gemaak met die eksplorasieprogram en twee prospekteerregte is tot projekstatus verhoog terwyl 'n aantal ander prospekteerregte laat vaar gaan word.

Notering en kontantposisie

Die maatskappy is op 22 April 2008, deur 'n bekendstelling van sy gewone aandele op die hoofbord van die JSE, genoteer. 'n Privaatplasing van 10 miljoen gewone aandele van die maatskappy het met die notering saamgeval. Hierdie aandele is teen R10 per aandeel, of R100 miljoen in totaal (voor noteringsuitgawes van R9.5 miljoen), geplaas.

Die groep se totale kontantposisie soos op 31 Maart 2009 het R373.7 miljoen bedra. Gegewe die heersende wêreldwye ekonomiese krisis word dit al hoe moeiliker om toegang tot aandele- en skuldmarkte te bekom. Daarom volg die direksie 'n konserwatiewe benadering tot die aanwending van die groep se kontantmiddele in sy bedrywighede. Kontant word ook konserwatief in die meeste van Suid-Afrika se finansiële instellings met die hoogste gradering belê.

Veiligheid, gesondheid en die omgewing

Die groep se veiligheid- en gesondheidsprestasie in die tydperk onder oorsig was aanvaarbaar, met 54 226 uur wat op die terrein gewerk is sonder dat enige verloretydbeserings aangeteken is. Baie werk is gedoen om veiligheidmoniteringsprosesse en -prosedures te vestig en dit werk bevredigend. Die direksie se komitee vir Veiligheid, Gesondheid en die Omgewing het 'n Veiligheid- en Gesondheidsverklaring en -beleid goedgekeur en die implementering daarvan het goed gevorder.

Korporatiewe bestuur

Die direksie is aansienlik verstewig met die aanstelling van twee bykomende onafhanklike nie-uitvoerende direkteure, me Zelda Mostert, wat uitgebreide mynfinansieringsvaardighede en -ondervinding tot die Ouditkomitee en die direksie bydra, en mnr John Wallington, 'n veteraan-myningenieur vir 27 jaar, wat voorheen die hoof uitvoerende beampte van Anglo Coal was. Na afloop van die tydperk onder oorsig is me Mandi Glad as die uitvoerende direkteur verantwoordelik vir bemarking en besigheidsontwikkeling in die direksie aangestel.

Aktiwiteite gedurende die jaar

Gedurende die jaar was die groep se aktiwiteite op die volgende toegespits:

- **Delmasprojek** (Delmas): Gedurende die jaar is R14.6 miljoen as eksplorasie-, uitvoerbaarheids- en verwante uitgawes gekapitaliseer (R22.7 miljoen tot op hede). 'n Steenkoolreserwe van 25.9 miljoen ton is vir hierdie projek verklaar. 'n Besluit om die myn te ontwikkel hang steeds af van 'n aantal faktore, insluitende reguleringsgoedkeurings en handelskontrak-onderhandelinge.

- **Klipsteenkoolmyn** (Balmoral/Ogies): Afgesien van verkrygings- en eksplorasieuitgawes van R7.7 miljoen is 'n verdere R3.6 miljoen as slootinsnyding- en infrastruktuuruitgawes en R1.7 miljoen as uitgestelde stroopkoste gekapitaliseer.

Die waarde van die voorraadhoop soos op 31 Maart 2009 was R7.0 miljoen omdat die steenkoolkoper versuim het om sy koopverbintenisse na te kom. Alternatiewe kopers is bekom en steenkoolverkope is na die jaareinde hervat. Omset vir die periode het R5.4 miljoen bedra met 'n bruto wins van R3.6 miljoen.

- **Sterkfonteinprojek** (Bethal): Beperkte werk is gedoen omdat die groep op die konsolidasie van die projekgebied gefokus het. Hierdie pogings het uitgeloop op die verkryging van 'n 74%-belang in 'n 2 844 hektaar prospekteerreg oor eiendomme wat met die bestaande 4 009 hektaar prospekteerregte vermeng is. Tot 31 Maart 2009 is R23.3 miljoen op hierdie projek gekapitaliseer.

- **Amalahle-prospekte** (Ermelo): R3.9 miljoen is tot 31 Maart 2009 as boor- en verwante uitgawes gekapitaliseer. 'n Steenkoolhulpbron van 0.9 miljoen MTIS (Mynbare In-Situ Tonne) is vir die Leeuwfonteinprojek verklaar en voorlopige resultate uit die Braamspruitprojek lyk belowend. Die geldigheid van die Braamspruit-prospekteerreg is deur 'n naburige mynmaatskappy betwis en verdere investering in die Braamspruitprojek sal daarvan afhang of die geskil in die groep se guns bygelê word. Boorresultate vir sommige van die prospekteerregte het nóg kommersieel lewensvatbaar nóg tegnies uitvoerbaar geblyk en 'n waardedalingskoste van R2.5 miljoen is gedurende die jaar geskep.

- **Mafla-prospekte** (Dundee): Die prospekteerregte het nóg kommersieel lewensvatbaar nóg tegnies uitvoerbaar geblyk en 'n koste van R1.5 miljoen is soos op 31 Maart 2009 geskep as volledige waardedaling ten opsigte van alle gekapitaliseerde eksplorasie- en evalueringskoste.

Die prospekteerregte wat na verwagting aan Keaton Energy se ander filiale, Intshe Coal (Edms.) Beperk, Rafcoal Mining (Edms.) Beperk en Izwi Coal (Edms.) Beperk, toegeken gaan word, het nog nie gematerialiseer nie en hierdie filiale word tans as dormant hanteer. Die totale investering in hierdie filiale soos op 31 Maart 2009 het R2.1 miljoen (R1.8 miljoen soos op 31 Maart 2008) bedra.

Markte

Keaton Energy het die onlangse ekonomiese krisis ná sy notering en aandelekapitaalverkryging met sukses deurstaan. Die maatskappy het 'n aansienlike hoeveelheid kapitaal verkry om sy eerste groot projek te ontwikkel en daarom is dit onwaarskynlik dat hy die aandelemarkte weer sal moet nader of van skuldmarkte gebruik sal moet maak.

Die maatskappy se aandeleprysvertoning was verblydend in moeilike markomstandighede en die aandeel het vir die grootste deel van die tydperk onder oorsig teen of bo die voornoteringsuitgifteprys verhandel. Daarteenoor het die JSE/FTSE Algehele Indeks vanaf die datum van die maatskappy se notering tot 31 Maart 2009 met 36%, die JSE/FTSE Hulpbronne 20-indeks met 46% en die Nedsec Junior Mynbou- en Eksplorasie-indeks met 68% gedaal.

Uitvoersteenkoolpryse het aansienlik geval vanaf hulle hoogtepunte in Julie 2008 hoewel pryse sedert die einde van die finansiële jaar onder oorsig ietwat herstel het. Plaaslik het Eskom se nood-steenkoolkoopprogram blykbaar tot gevolg gehad dat die kragvoorsiener sy kragstasievoorraadhope met sukses weer opgebou het, gesteun deur die laer vraag na krag deur groot nywerheidsverbruikers as 'n regstreekse gevolg van die wêreldwye ekonomiese krisis. Dit is nietemin duidelik dat Eskom steeds besorg is oor die langtermynsekerheid van steenkoolverskaffing aan sy bestaande kragstasies in en om die steenkoolvelde van Witbank en die Hoëveld, wat belowend is vir Keaton Energy se langertermynplanne.

Strategie

Teen die agtergrond van die markgebeure wat hierbo beskryf word het die uitvoerende bestuurspan die groep se strategie fyn ingestel. Daar word steeds beoog om twee miljoen ton verkoopbare steenkool op mediumtermyn te produseer en op langer termyn tot 'n middelvlak-steenkoolprodusent te groei, met hierdie produksie afkomstig uit nuwe en bestaande projekte waar Keaton Energy sy intellektuele en finansiële hulpbronne kan gebruik om projekte op die waardekurwe te laat styg deur die vinnige ontwikkeling van projekte tot produksie. Hierdie strategie is egter verfyn en die groep sal nou 'n tweevlakbenadering volg:

- 'n beperkte aantal groot, hulpbronintensiewe langlewe-projekte soos die Delmas- en Sterkfonteinprojek; en
- 'n portefeulje kleiner projekte wat vinnig tot kontantvloei gebring kan word, soos die Klipsteenkoolmyn en die Leeuwfonteinprojek, wat die groep van bedryfsaanpasbaarheid sal voorsien.

Keaton Energy sal steeds daarna strewe om lenig te bly, met vinnige besluitneming, bokoste en vaste koste beperk tot die minimum en ruimskootse gebruikmaking van uitkontraktering en kontraktering.

Toekomsblik

In die 2009-kalenderjaar behoort die Delmas-langlewe-projek gerealiseer te word, onderworpe aan reguleringsgoedkeurings en handelskontrak-onderhandelinge. Die groep se hooffokus vir die jaar is steeds die aanvang van produksie by die Delmasprojek. Die Sterkfontein-langlewe-projek se verdere styging op die waardekurwe sal ook groot aandag kry, veral omdat die projekgebied nou beduidend vergroot en gekonsolideer is.

Bedrywighede by die Klipsteenkoolmyn behoort binne die volgende 12 maande te eindig sodat die Leeuwfontein- en die Braamspruitprojek in 2010 en 2011 onderskeidelik met produksie kan begin. Heelwat werk moet gedoen word om Leeuwfontein en Braamspruit deur die reguleringsprosesse te neem voor ontginning oorweeg kan word. Reguleringswerk ten opsigte van die Leeuwfonteinprojek het begin en sal in die tweede helfte van 2009 ten opsigte van die Braamspruitprojek begin.

Die groep sal voortgaan om aansoek te doen om prospekteerregte en sal ook vennootskappe met huidige houers van prospekteer- en mynregte ondersoek om die kleinerprojekte- portefeulje verder uit te brei.

Namens die direksie

David Salter	Paul Miller
(Voorsitter)	(Besturende direkteur)
28 Mei 2009	

Administratiewe en kontak besonderhede

Geregistreerde kantoor:

Grondverdieping, Elandgebou
The Braes, Eatonlaan 3
Bryanston, Suid-Afrika
(Postnet-suite 464, Privaatsak X51, Bryanston, 2021)

Oordragsekretaris:

Computershare Investor Services Suid-Afrika (Edms.) Beperk
Grondverdieping, Marshallstraat 70, Johannesburg, Suid-Afrika
(Posbus 61051, Marshalltown, 2107)

Ouditeure:

KPMG Geïnk.

Schoemanstraat 1226, Hatfield, Pretoria

Direkteure:

Dr JD Salter (Voorsitter)*††, PBM Miller (Besturende direkteur),

AB Glad, Z Mostert††, LX Mtumtum††, P Pouroulis**†, Dr SM Rupprecht***,

JG Schönfeldt, APE Sedibe†, JN Wallington††

*Brits **Suid-Afrikaans/Ciprioties ***VSA

†nie-uitvoerend, ††onafhanklik nie-uitvoerend

telefoon: +27 11 317 1700

telefaks: +27 11 463 4759

e-pos: info@keatonenergy.co.za